



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Afrikaans Tweede Addisionele Taal

Graad 10

Lesse vir leerders

Vierde Kwartaal

2012

Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie lesse verleen.

Herna Pienaar, Marga Mallo, Edward Mpilo, Hannelie Schoonraad en Annemarie Lee

Limpopo Departement van Onderwys

Departement van Basiese Onderwys

Sol Plaatje Huis
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357-3000
Faks: +27 12 323-6601

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110
<http://www.education.gov.za>
<http://www.thutong.doe.gov.za>

© 2012 Departement van Basiese Onderwys

Inhoudsopgawe


	Bladsy
Hoofstuk 15: Identiteit	4
Hoofstuk 16: Vryetydsbesteding	15
Hoofstuk 17: Vriendskap	23
Hoofstuk 18: Drome (Hersiening)	39

HOOFSTUK 15: IDENTITEIT (WEEK 31-32)

In hierdie hoofstuk gaan jy:

Luister en praat	* Luister na 'n dialoog waarin mense inligting oor hulleself gee. * Dialoog voer oor leerders se persoonlike identiteit en geskiedenis.
Lees en kyk: Begrip	* Aandagtig lees vir kritiese taalbewustheid. * Lees vir kritiese taalbewustheid, bv. uitdrukking van emosies, * Vir verryking: Krities lees van kwessies: identifiseer geïmpliseerde betekenis.
Skryf en aanbied	* 'n Vorm invul (hersiening). * 'n Vriendskaplike brief skryf om iemand te bedank.
Taalstrukture en -konvensies	* Betekenis van woorde en begrippe in 'n woordeboek opsoek. * Taalaspekte leer en inoefen: * Spelreëls en -patrone: gebruik van hoofletters * Afkortings, verkortings en akronieme * Lydende en bedrywende vorm (hersien) * Denotasie en konnotasie * Trappe van vergelyking * Gevoelstaal * Direkte en indirekte rede * Meervoude en verkleinwoorde * Woordeskat in konteks leer.

Voor jy lees



Clip art

Oefening: My familie

Vul die woorde wat uitgelaat is in.

oupa, pa, ma, oom, tante, neef, niggie, oumagrootjie
swaer, skoonsuster, gesin, familie, kleinkind

1. Die twee mense uit wie ek gebore is, is my _____ en my _____ en ons is 'n _____.
2. My vader se pa is my _____ en sy ouma is my _____.
3. Ek is my ouma se _____.
4. My pa se broer is my _____ en sy suster is my _____.
5. My pa se suster se seun is my _____ en haar dogter is my _____.
6. Almal saam is een groot _____.

Vir verryking:

Trek die volgende familieboom in jou skrif en skryf jou familie se name daarin.

Jou naam

Ouers

Jou pa

Jou ma

Oupas en oumas

Jou pa se pa

Jou pa se ma

Jou ma se pa

Jou ma se ma

As jy hulle name ken, kan jy ook die oumagrootjies en oupagrootjies insluit in die volgende ry.

Oefening 2: Woordeskatuitbreiding

Soek die betekenis van die volgende woorde op in die woordeboek:

Woord	Betekenis	Engels
inwoner burgerskap ouderdom permanente persoonlike besonderhede geldig tydelike Departement van Binnelandse Sake geboortesertifikaat trousertifikaat verblyfpermit vingerafdruk Nasionale Bevolkingsregister		

Lees

Lees die volgende inligting.

Hoe om aansoek te doen om 'n identiteitsdokument

'n Identiteitsdokument (ID) sê wie jy as individu is.

'n Identiteitsdokument (ID) identifiseer jou geslag, burgerskap en ouderdom.

Jy kan aansoek doen om 'n ID as:

- jy 16 jaar of ouer is
- jy 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n permanente inwoner is
- jou ID verlore, gesteel of beskadig is
- jou persoonlike besonderhede verander het
- jy getroud is of jy weer enige van jou vorige vanne wil gebruik
- jou burgerskapstatus verander het en jy na SA wil terugkeer

Nota: Indien jou ID verlore is, kan jy aansoek doen om 'n tydelike ID wat slegs drie maande geldig is.

Wat om te doen

Besoek die naaste Departement van Binnelandse Sake of 'n dienspunt.

- Vul vorm BI-9 in.
- Neem die volgende dokumente saam:
 - afskrif van jou geboortesertifikaat of vorige ID-boek
 - twee identiese foto's
 - trousertifikaat indien van toepassing
 - permanente verblyfpermit of Suid-Afrikaanse burgerskapsertifikaat
 - paspoort indien van toepassing
- Vingerafdrukke sal geneem word vir opname in die Nasionale Bevolkingsregister.

Nota: 'n ID-boek word nie langer deur die pos gestuur nie en moet by die kantoor waar die aansoek ingedien is, afgehaal word.


[Verwerk uit inligting op die webtuiste: www.services.gov.za]

Oefening 3: Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarvoor staan die afkorting ID? (1)
2. Noem drie dinge wat jou ID oor jou sê. (3)
3. Hoe oud moet jy wees voordat jy kan aansoek doen om 'n identiteitsdokument? (1)
4. Wanneer sal jy **weer** aansoek doen vir 'n ID? Noem drie. (3)
5. Wanneer kan jy aansoek doen om 'n tydelike ID? (1)
6. Wie sal meer as een ID-dokument hê? (1)
7. Waar kan jy aansoek doen om 'n ID? Noem twee. (2)
8. Watter vorm moet jy invul om vir 'n ID aansoek te doen? (1)
9. As jy 'n sestienjarige skoolkind is en in SA gebore is, wat sal jy saamneem as jy wil aansoek doen om 'n ID? (3)
10. Waarom dink jy is dit belangrik dat jou vingerafdrukke op die Nasionale Bevolkingsregister is? (2)
11. Waarom dink jy word 'n ID nie meer deur die pos gestuur nie? (2)

TOTAAL: [20]

Taal in konteks



Oefening 4: Lees die volgende gedeelte en beantwoord die vrae.

“Eina, jy maak my seer!”

Rosie en Danie baklei al weer. Hulle is broer en suster en kan mekaar net nie uitlos nie.

“Jy het in my goed gekrap en ek gaan vir Ma vertel,” skree Danie.

Ma kom by die huis en die kinders hardloop na haar toe.

Hoera, Ma is by die huis!” roep Rosie.

“Ma, Rosie het in my goed gekrap,” vertel Danie vinnig.

Ma sit haar handsak en pakkies neer en stap na die kombuis.

“Ag nee, my kinders, ek is so moeg gewerk en nou maak julle nog moeilikheid ook.”

“Ja, maar sy krap in my goed,” probeer Danie weer. “Dis my persoonlike goed en sy moet dit uitlos.”

“Kom kyk liever wat ek vir julle gebring het.” Ma haal vir elkeen ’n boek uit haar sak. Die een vir meisies en die ander een vir seuns.

“Dankie, Ma,” roep altwee uit. Dit was net wat hulle wou gehad het.

A. Kyk na die direkte rede in bostaande teks.

Kies nou die woorde wat die volgende gevoel uitspreek:

Vreugde: _____

Woede: _____

Uitroep van pyn: _____

Moedeloosheid: _____

Frustrasie: _____

Dankbaarheid: _____

B. Kritiese lees

1. Watter woorde in die leesstuk hierbo sê vir jou dat dit nie die eerste keer is dat die twee baklei nie?
2. Hoe weet jy dat Rosie nuuskierig is?
3. Hoe weet jy dat die kinders graag hulle ma se aandag wil hê?
4. Watter woorde in die leesstuk hierbo sê vir jou dat Danie se privaatheid vir hom baie belangrik is?
5. Hoe weet jy dat albei kinders lief is vir lees?
6. Hoe weet jy dat dit vir die ma belangrik is dat haar kinders kennis moet opdoen?

Oefening 5

Skryf die volgende sinne in die indirekte rede. (Hersiening)

1. “Jy het in my goed gekrap en ek gaan vir Ma vertel,” skreeu Danie.
2. “Ma, Rosie het in my goed gekrap,” vertel Danie.
3. “Sy krap in my goed,” sê Danie.
4. “Dis my persoonlike goed en sy moet dit uitlos,” sê Danie.
5. “Kom kyk liever wat ek vir julle gebring het,” roep Ma.
6. “Dankie, Ma,” sê Rosie en Danie.

Oefening 6

Skryf die volgende sinne in die Lydende vorm. (Hersiening)

1. Jan klap sy suster.
2. Pa raas met Jan.
3. Piet hou sy kop vas.
4. Ma gee vir Rosie 'n boek.
5. Rosie lees haar boek.
6. Ma werk hard.
7. Ek ken my familie.
8. My ouma en oupa bou 'n huis.
9. Môre gaan ek 'n brief skryf.
10. My niggie bestuur haar eie motor.

Gebruik van hoofletters

- Die eerste woord van 'n sin begin met 'n hoofletter, behalwe as die sin met 'n syfer, getal of simbool begin (bv. 10 mense het gesterf. 30 Suid-Afrikaanse atlete gaan oorsee).
- Woorde wat as eiename optree, begin gewoonlik met 'n hoofletter (bv. Maandag, Januarie, Koos).
- Aanhefvoorme sonder 'n daaropvolgende eienaam, begin met 'n hoofletter (bv. Liewe Ma, Geagte Meneer).
- Indien 'n eienaam in 'n aanspreek- of aanhefvorm bygevoeg word, begin die aanspreek- of aanhefvorm met 'n kleinletter (bv. Goeiemôre tannie Viljoen! Beste mevrou Smit).
- Soortname wat as eiename optree, kry aanvangshoofletters (Departement van Buitelandse Sake, Sekondêre Skool Eersterus).
- As 'n rigting by 'n naam aangedui word, kry die rigting ook 'n hoofletter (Wes-Afrika, Suid-Afrika).
- Straatname wat met 'n syfer begin, se tweede deel begin met 'n hoofletter (7de Laan).
- **Onthou:** Alle vakname, behalwe taalname as vakname, word met kleinletters geskryf. (Afrikaans Engels, wiskunde, geskiedenis)

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls 2009

Oefening 7

Skryf die volgende gedeelte oor en skryf hoofletters waar nodig.

1. meneer danie malan loop in acasiastraat. hy wil gou sy afrikaanse boek na sy ma toe vat sodat sy dit kan teken. sy onderwyseres, me. pienaar het maandag al gesê dat ouers die boeke moet teken en hy het vergeet.
2. 3 kinders loop in die straat. almal is haastig, want hulle wil nog 7de laan gaan kyk.
3. sal ma asseblief my boek teken?

Luister en Praat

Luisterbegrip: Luister na twee mense se gesprek in 'n taxi.

Voor jy luister:

- Waaroor gesels mense as hulle in 'n taxi ry?
- Ken jy jou familiegeskiedenis?
- Weet jy wat beteken jou naam en van?
- Weet jy waar kom jou familie vandaan?

Woordeskat wat belangrik is.

Gesin – ma, pa, broers en susters, die mense wat by jou in die huis bly

Familie – die groter familie wat ooms en tantes, oumas en oupas, neefs en niggies insluit

Familiegeskiedenis – wie die familie is en waar hulle vandaan kom

Voorgeslag – familie wat voor die persoon gelewe het

Nageslag – familie wat na die persoon gebore is

Nooiensvan – 'n vrou se van voordat sy getrou het

Bedrieër – iemand wat skelm is

Terwyl jy luister:

- Luister na en lees die teks oor 'n gesprek in 'n taxi.
- Maak notas oor wat in die gesprek gesê word sodat jy en jou maat ook so 'n gesprek oor julle families kan voer.

Dialog van twee mense in 'n taxi



Shumani: Goeiemôre, ek is Shumani Mahuluhulu.

Jakob: Aangename kennis, ek is Jakob Masetla.

Shumani: Aangename kennis. Het jy gisteraand na die gesprek op TV oor mense se familiegeskiedenis gekyk?

Jakob: Ja, dit was baie interessant.

Shumani: Ken jy jou geskiedenis?

Jakob: Ja, ek kom van Nkowankowa in Limpopo. Ons familie het aan die begin van die negentiende eeu hierheen gevlug toe koning Shaka besig was om ander stamme uit te moor tydens die Mfekane.
Ek het nog nooit van die van Mahuluhulu gehoor nie. Wat beteken dit en waar kom julle vandaan?

Shumani: Dit beteken gróót. Dit was my man se pa se bynaam. Sy regte van was Mabasa. Maar Mahuluhulu het hulle van geword. Hulle was Sjangaans wat onder Apartheid na die tuisland Gazankulu moes skuif omdat hulle van Mabasa was. Daarom het hulle die van Mahuluhulu geneem, want hulle was gelukkig om tussen die Vendas te bly.

Jakob: Dis baie interessant! Wat was jou nooiensvan?

Shumani: Mashamba. Dit beteken om te was of skoon en netjies te wees. Ek is van die koninklike familie, Mashamba. Ons het oorspronklik in die Kongo gebly. My mense het weggehardloop toe hulle slawe in die Kongo gevang het. Hulle het gevlug tot in Zimbabwe en party het later verder suid beweeg oor die Limpoporivier.

Jakob: Dis vreeslik interessant! Wat beteken jou naam?

Shumani: My naam beteken wérk. Wat beteken Jakob Masetla?

Jakob: My naam beteken bedrieër in die Bybel, maar my ma het gesorg dat ek baie eerlik is. Masetla beteken stampblok, jy weet, daardie ding waarmee die vrouens in die ou dae koring fyngemaal het.

Shumani: O ja. Jammer, ek moet hier afklim. Dankie vir die lekker gesels!

Jakob: Totsiens!

Nadat jy geluister het:

Praat: Dialoog

- Jy en jou maat moet ook so 'n gesprek soos die een hierbo voer, maar met julle eie inligting.
- Gaan doen navorsing oor jou familie deur met jou ouers en ander familie te praat oor julle familiegeskiedenis. Wat beteken julle name/vanne en waar kom jou familie oorspronklik vandaan?
- Beplan julle gesprek.
- Oefen julle gesprek.
- Bied julle dialoog aan.

Taal in konteks

Oefening 8 Voltooi die kolomme in jou skrif.

Woordeskat	Meervoud	Verkleinwoord
pa		
ma		
oupa		
ouma		
kind		
kleinkind		
neef		
niggie		
oom		
tante		
familie		
gesin		
storie		

Skryf en Aanbied

Voordat jy skryf

Woordeskat

Identiteit – wie jy is

Identifiseer – die werkwoord wat sê wie jy is

Identiteitsdokument – die dokument wat sê wie 'n persoon is

Geboorteplek – waar jy gebore is

Geslag – is jy manlik of vroulik

Ras – is jy swart, wit, gekleurd of Indiër?

Moedertaal – die taal wat jy by die huis praat

Geloof – dit waarin jy glo

Kultuur – hoe dinge gedoen word in 'n spesifieke gemeenskap (*community*)

Christen – iemand wat in Jesus Christus glo

Moslem/ Islamiet – iemand wat in Mohammed glo

Hindoe – iemand wat in die van Hindoegode glo

Afrikakultuur – iemand wat soos die mense in Afrika lewe, aantrek, sing, dans, dinge maak, ens.

Westerse kultuur - iemand wat soos die mense in die Weste (Europa en Amerika) lewe, aantrek, sing, dans, dinge maak, ens.

Oosterse kultuur - iemand wat soos die mense in die Ooste lewe, aantrek, sing, dans, dinge maak, ens.

Bespreek die volgende vrae:

1. Is dit belangrik dat 'n mens 'n papier moet hê wat sê wie jy is?
2. Van watter ouderdom af moet jy 'n identiteitsdokument hê?
3. Watter inligting is belangrik as jy 'n persoon moet identifiseer?
4. Waar kry jy 'n identiteitsdokument?
5. Wanneer sal jy jou identiteitsdokument gebruik?

Skryf

Voordat jy skryf

Voltooi die volgende vorm met inligting oor jou identiteit.

Titel	Maak 'n kruisie by die regte antwoord. Meneer Mevrou Mejuffrou Dokter Dominee Professor Advokaat
Volle naam	
Van	
Geboortedatum	Dag: Maand: Jaar:
Huidige ouderdom	
Plek van geboorte	Dorp:
Geslag	Maak 'n kruisie by die regte antwoord. Manlik Vroulik
Vader se naam en van	
Moeder se naam en van	
Hoeveel kinders is daar in die gesin?	Aantal:
Hoeveel seuns is daar in die gesin?	Aantal:
Hoeveel dogters is daar in die gesin?	Aantal:
Wat is jou ras?	Maak 'n kruisie by die regte antwoord. Swart: Wit: Indiër: Kleurling:
Wat is jou moedertaal?	Maak 'n kruisie by die regte antwoord. Afrikaans Engels Sepedi Zoeloe Setswana Tshivenda Xitsonga Xhosa Noord-Sotho Suid-Sotho Ander
Wat is jou geloof?	Maak 'n kruisie by die regte antwoord.

	Christen Moslem Hindoe Ander _____
Wat is jou kultuur?	Maak 'n kruisie by die regte antwoord. Afrikakultuur Westerse kultuur Oosterse kultuur
Wat is jou woonadres?	Straat en huisnommer:
	Dorp:
	Provinsie:
	Poskode:
Wat is jou posadres?	Posbus:
	Dorp:
	Provinsie:
	Poskode:

As iemand al dié inligting oor jou het, weet hy amper wie jy is.

Taalstrukture en kenmerke

Afkortings word gebruik om woorde en uitdrukkings korter te stel.

Leer die volgende afkortings.

<p><u>Maande van die jaar:</u> Jan. - Januarie Feb./ Febr. - Februarie Mrt. - Maart Apr. - April Mei - Mei Jun. - Junie Jul. - Julie Aug. - Augustus Sept./ Sep. - September Okt. - Oktober Nov. - November Des. - Desember</p> <p><u>Dae van die week:</u> Ma. - Maandag Di. - Dinsdag Wo. - Woensdag Do. - Donderdag Vr. - Vrydag Sa. - Saterdag So. - Sondag</p>	<p><u>Algemene afkortings:</u> asb. - asseblief km - kilometer m - meter l - liter kg - kilogram gr - gram dr. - dokter ds. - dominee ens. - ensovoorts RSA - Republiek van Suid-Afrika str. - straat tel. - telefoon mnr. - meneer mev. - mevrou me. - mevrou/mejuffrou mej. - mejuffrou Afr. - Afrikaans bv. - byvoorbeeld bl. - bladsy no./nr. - nommer oef. - oefening</p>
--	--

'n Akroniem is 'n letterwoord waar die verkorte vorme van woorde as 'n woord uitgespreek word. bv. Sasol, Sanlam

Leer die volgende akronieme

Pin persoonlike identiteitsnommer Eskom Elektrisiteitsvoorsieningskommisie ABSA Algemene Bank van Suid-Afrika	Vigs verworwe immuniteitsgebreksindroom Unisa Universiteit van Suid-Afrika
--	--

Oefening 9

Waarvoor staan die volgende afkortings en akronieme?

a. ID	f. str.	k. Di.
b. mnr.	g. SA	l. Sa.
c. mev.	h. ID-nr.	m. Nov.
d. me./ me	i. ens.	n. Des.
e. dr.	j. Pin	o. tel.

Skryf

Vriendskaplike brief

Kyk weer na die voorbeeld van die vriendskaplike brief in hoofstuk 11. Lees weer deur die wenke. Kyk na die kommentaar wat die onderwyser op jou vorige brief gelewer het.

Opdrag

Jou oupa het vir jou inligting oor jou familie gestuur. Skryf 'n brief aan hom waarin jy hom bedank vir die inligting. Sê ook vir hom hoe jy oor die inligting voel.

Onthou: Proseskryf: Beplanning, konsep, hersiening, redigering, proeflees en aanbieding.
--

Nadat jy geskryf het

- Bied jou brief aan vir evaluering.
- Verbeter die brief soos aangedui in die onderwyser se kommentaar.

HOOFSTUK 16: VRYETYDSBESTEDING (WEEK 33 – 34)

In hierdie hoofstuk gaan jy:

Luister en praat	<ul style="list-style-type: none">* Na 'n leesstuk oor verveelde tieners luister.* Gesels oor wat kinders deesdae gedurende die vakansie doen.* Vrae beantwoord oor die leesstuk.* Gesels oor speletjies wat jy ken en ook die reëls van die spel.* Aantekeninge maak terwyl die onderwyser lees.
Lees en kyk	<ul style="list-style-type: none">* 'n Gedig lees om dit te geniet en te verstaan.* Eenvoudige literêre tegnieke gebruik en vrae beantwoord.
Skryf en aanbied	<ul style="list-style-type: none">* 'n Opsomming maak.* 'n Gedig voltooi om jou te help om later jou eie gedig te skryf.* 'n Beskrywing gee.
Taalstrukture en -konvensies	<ul style="list-style-type: none">* Betekenis van woorde en begrippe in 'n woordeboek opsoek.* Taalaspekte leer en inoefen:<ul style="list-style-type: none">o Afkortingso Verlede tyd en toekomstige tydo Manlik, vroulike vorme en teenoorgestelde betekeniso Voorsetselso Woordeskat in konteks

Luister en Praat

Voordat jy luister

Maak seker dat jy die **betekenis** van al die woorde onder die knie het.

Wat beteken dit **om iets onder die knie te hê**?

Dit beteken: **jy het iets reggekry** of jy het dit verstaan.

Woordeskatuitbreiding:

'n Nagmerrie: 'n slegte droom/ 'n droom wat jou bang maak (*a nightmare - something that you do not like*)

Mevrou Baloyi staan bont: Sy moet hard probeer/ probeer alles (*try everything*)

Hulle is gedurig onder haar voete: Hulle pla haar.

Dit laat my hare regop staan: Dit is 'n probleem/ dit maak my moedeloos/ dit maak my bang.

Verskeie: baie (*several*)

Verveeld: Ek weet nie wat om te doen nie/ Sonder enige belangstelling. (*bored*)

Verbied: Jy mag iets nie doen nie (*not allowed*)

Tot die son sak: Tot dit aand (*evening*) word

Albasters: (*marbles*)

Touspring: (*skipping*)

Wegkruipertjie: (*to play hide and seek*)

Tolgooi: (*top throw*)

Naaldwerk: (*needle work*)

Koekies bak: (*to bake biscuits*)

Sakgeld: (*pocket money*)

'n Miernes: 'n plek waar dit baie woens en druk gaan (*a very busy place*)

Bespreking:

Die onderwyser gaan die volgende vrae in die klas vra om 'n bespreking/ klasgesprek uit te lok:

- Is kinders verveeld gedurende die vakansie?
- Wat doen vandag se kinders gedurende die vakansie (behalwe televisie kyk en rekenaarspeletjies speel)?
- Wat sal kinders graag tydens die vakansie wil doen?
- Wat kan die gemeenskap/ of kinders doen om mekaar besig te hou tydens die vakansie?

Terwyl jy luister

Vakansietyd: Elke ouer se nagmerrie!

- Die onderwyser lees die teks aan die leerders voor.
- Die onderwyser lees die vrae.
- Die onderwyser lees die teks weer. (Die leerders maak aantekeninge terwyl die onderwyser lees.)
- Die leerders antwoord die vrae.

Nadat jy geluister het

Oefening 1

Beantwoord nou die volgende vrae oor die leesstuk:

1. Op watter dag speel die leesstuk af? (1)
2. Wat vra die kinders kort-kort vir hulle ma? (1)
3. Hoeveel kinders is in die huis? (1)
4. Wat is die kinders se name? (2)
5. Watter twee dinge mag hulle nie heeldag doen nie? (2)
6. Hoe weet ons meneer Baloyi is nie meer 'n jongman nie? (2)
7. Tot watter tyd van die dag is daar lank terug speletjies gespeel? (1)
8. Noem vier soorte speletjies wat daar gespeel is. (4)
9. Noem twee dinge wat die meisiekinders gedoen het om besig te bly. (2)
10. Waarvoor het die sportmanne hulle vakansies gebruik? (1)
11. Watter drie sportsoorte word hier genoem? (3)

TOTAAL: [20]

Skryf en aanbied

Voordat jy skryf

Gesels met mekaar oor die volgende onderwerp en maak aantekeninge in jou boek:

Speletjies

- Watter speletjies ken julle? Praat daaroor en maak 'n lys.
- Jy en jou maat moet nou een van die speletjies kies en gesels oor die reëls van die spel.

Skryf

Opdrag:

- Skryf nou die naam van die speletjie en die reëls van hoe die speletjie werk in julle boeke.
- Gee 'n verduideliking en as dit moontlik is, maak 'n skets van die speletjie/ baan in julle boeke en speel dit met jou maat.

Taal in Konteks

Oefening 2

- Doen die volgende taaloefeninge in jou werkboek;
- Lees die instruksies noukeurig:

1. **Skryf die afkortings van die onderstreepte woorde:**

- 1.1 Meneer en 1.2 mevrou Baloyi is moeg om hulle kinders besig te hou. Dit is ook nie goed vir kinders om heeldag voor die 1.3 televisie te sit nie. Die kinders in 1.4 Suid-Afrika is alreeds te vet van al die gesittery.

2. **Gee die vroulik van die onderstreepte woorde:**

- 2.1 Sportmanne het vakansies ge oefen om fiks te bly.
2.2 Die seuns het veral sokker en tennis gespeel.
2.3 Precious is Jake se broer.

3. **Skryf die volgende sinne in die verlede tyd en begin soos aangedui:**

- 3.1 Meneer Baloyi kan al die speletjies onthou.
Gister ...
- 3.2 Hy vertel graag stories oor die ou dae.
Gister ...
- 3.3 Die meisies bak graag koekies.
Gister ...

4. Skryf die volgende sinne in die toekomstige tyd en begin soos aangedui:

4.1 Die kinders is gedurig onder haar voete.

Môre ...

4.2 Die kinders hou hulleself besig.

Môre ...

4.3 Hulle speel buite tot die son sak.

Môre ...

5. Kies die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Vandag se 5.1 (kind) is baie 5.2 (ly/lui) en wil net heeldag 5.3 (agter/voor) die rekenaar sit. 5.4 (Julle/Hulle) moet liewers meer 5.5 (tyd/tyt) maak vir sport en studies en sorg dat hulle hulle skoolwerk 5.6 (weet/ken).

6. Gee die teenoorgestelde betekenis van die woorde tussen hakies:

6.1 (Grootmense) moet weer leer om 6.2 (binne) te speel. In die ou dae is daar gespeel tot die son 6.3 (opkom).

Lees en Kyk

Voordat jy lees

Kyk na die onderstaande prentjie oor Gert se kamer op 'n Vrydagmiddag en beantwoord die volgende vrae mondelings:



[Bron onbekend]

1. Gee een woord om Gert se kamer te beskryf.
2. Wat sien julle alles in Gert se kamer?
3. Wat dink julle doen Gert graag in sy vryetyd?

4. Dink jy dit wat Gert doen is reg? Motiveer jou antwoord.
5. Wat dink jy gaan Gert se ma doen of sê as sy die kamer sien?

Ons gaan 'n gedig lees oor Gert se ma wat met hom raas oor sy deurmekaar kamer.

Onthou julle nog die volgende?

- 'n Digter maak gebruik van 'n spreker. Dit is die persoon wat die gedig aan ons "vertel". **In hierdie gedig is Gert se ma die spreker.**
- 'n Storie bestaan uit paragrafe, maar in 'n gedig praat ons van strofes wat uit versreëls bestaan.
- Versreëls word dus saam gegroepeer in strofes.
- 'n Kwatrijn is 'n strofe van vier versreëls.
- Rym is wanneer die woorde aan die einde van die versreëls dieselfde klink.
- Ons kry **paarrym (aabb)** (*in pairs*), **omarmde rym (abba)** (*arms around each other*), **kruisrym (abab)** (*crossing lines*).

Lees

Lees wat Gert se ma van sy kamer sê. Let op dat sy ma hom 'n ander naam noem as sy vir hom kwaad is:

"Ag liewe aarde, ag liewe tog!
Hierdie slordigheid is somer bog!
Dis jy en die rot en die hond
en al die gemors op die grond!

Alles hang skeef teen die mure
en jou musiek raas al vir ure!
Ag nee, jong, nee wat, Germaans
dis nou jou laaste kans!

Ek gee jou net 'n minuut
dan roep ek jou pa.
En onthou: as hy kom
roep jy maar verniet!"

[Uit: *Bladsak*]

Nadat jy gelees het

Aktiwiteit: Die onderwyser bespreek die inhoud en woordeskat van elke strofe mondeling voordat die vrae skriftelik gedoen word.

Oefening 3

Beantwoord die volgende vrae in jou werkboek oor die gedig:

1. Uit hoeveel versreëls bestaan elke strofe?
2. In hoeveel strofes is die gedig verdeel?
3. Watter tipe rymskema kom in die eerste twee strofes voor? Skryf die rymwoorde neer en dui die rymskema aan.
4. Wie dink jy is die spreker in die gedig?
5. Dink jy die spreker voel hartseer, gelukkig of kwaad? Kies net een van die onderstreepte woorde.
6. Noem VIER dinge wat volgens die spreker in strofe 1 oral rondlê.
7. Wat hang skeef teen die mure?
8. Die spreker sê dat Gert se musiek al baie lank lawaaierig is. Na watter musiek dink jy luister hy?
9. Dink jy Gert/ Germaans sal na sy pa luister? Hoekom sê jy so?
10. Daar kom heelwat uitroeptekens in die gedig voor. Waarom dink jy is dit so?
11. Lees weer die gedig. Dit is duidelik dat Gert/ Germaans al baie kere gevra is om sy kamer op te ruim. Gee twee woorde uit strofe 2 wat aandui dat daar klaar gepraat is.
12. Soek woorde uit die gedig wat min of meer dieselfde beteken as die volgende woorde:
12.1 nonsens 12.2 vullis 12.3 geleentheid 12.4 gratis
13. Hierdie gedig het nie 'n titel (naam) nie. Skryf jou eie naam vir die gedig.
14. Kyk weer na die prentjie en antwoord die vrae.
Daar is so baie dinge in sy kamer dat hy nie eers weet waar alles is nie, soos die boeksak op die vloer en die kitaar teen die muur. Kom ons help vir Gert om sy kamer reg te pak deur die korrekte voorsetsels in te vul.
- 14.1 Die vlieër is _____ die muur.
- 14.2 Die rottehok staan _____ die platespeler.
- 14.3 'n Liniaal lê _____ die lessenaar.
- 14.4 Die vuil hond lê _____ Gert se voete.
- 14.5 Die kitaar staan _____ die muur.
- 14.6 Die vliegtuig hang _____ die dak.
- 14.7 Daar is 'n appelstronk _____ Gert se hand.
- 14.8 Gert se skooltas lê _____ die bed.
- 14.9 Die musiek is hard _____ Gert se ore.
- 14.10 Die boek is _____ die kat se kop.

Voorsetsels word saam met sekere woorde of woordgroepe gebruik om bepaalde betekenis aan te dui. Dit staan bekend as **vaste verbindings** byvoorbeeld:

Ek wil graag deelneem aan 'n sport.

Te voet/ perd gaan.

Per vliegtuig/ trein/ motor/ boot/ taxi reis.

Gelukwens met my verjaardag.

- 15 Kan jy jou eie gedig skryf? Voordat jy probeer, vul eers die ontbrekende woorde in van die onderstaande gedig en probeer dan jou eie skryf. Laat die woorde in die blokkie jou help.

dag, sag, plek, wil, ek, rooi, stil, mooi

My kamer

In my kamer kan ek doen wat ek _____

Want alles is so _____

My bed is lekker _____

Die son skyn deur die venster, elke _____

Op my bed is die komberse bloed _____

En die mat vol blomme so _____

In my kamer is dit net _____

Vir my is dit die beste _____

Skryf en Aanbied

Voordat jy skryf

Beplanning

- Onthou om eers deeglik oor die onderwerp te dink voordat jy skryf.
- Jy moet 'n kopkaart teken om jou te help beplan.
- Nadat jy deeglik beplan het, die eerste poging geskryf het, redigering gedoen het, kan jy jou finale produk aanbied.

Skryf

Wanneer ons iets beskryf moet ons dinge duidelik in ons verbeelding kan sien, ruik, voel, proe en hoor.

Opdrag: Gee 'n goeie beskrywing van jou eie kamer of jou droomkamer.

Hou die volgende in gedagte:

- Watter meubels is in jou kamer/ droomkamer?
- Wat is alles in of op die kaste?
- Deel jy jou kamer met iemand?
- Hoe lyk jou kamer? Wat is die kleur van jou mat, komberse of gordyne?
- Wat sal jy graag nog in jou kamer wil hê?
- Watter prente is teen die mure?
- Hoekom hou jy of hou jy nie van jou kamer nie?

Nadat jy geskryf het

- Handig jou skryfstuk in om nagesien te word.
- Doen die verbeterings nadat dit nagesien is.

Opsomming

Vandag se tieners weet nie wat om in hulle vryetyd te doen nie. Kom ons help hulle om ten minste hulle kamers netjies te hou.

- Som die volgende **wenke vir 'n netjiese kamer** op deur net die kern uit te haal.
- Skryf 7 punte in volsinne neer.
- Jou opsomming moet tussen 50 en 60 woorde wees.
- Skryf die aantal woorde onder aan die opsomming neer.

Tot siens deurmekaar kamer!

1. Tieners laat altyd hulle klere rondlê. Skoon klere hoort in die kas en vuil klere by die wasgoed. Pak jou klere weg waar dit hoort.
2. Hang nat handdoeke op om droog te word. Nat handdoeke op die vloer lyk onnet.
3. Oorvol kaste is baie moeilik om netjies te hou. Raak ontslae van klere wat jy nie meer wil dra nie.
4. Moenie in jou kamer eet nie. Borde met ou kos wat in jou kamer rondstaan, lok net kokkerotte en veroorsaak slegte reuke.
5. 'n Onopgemaakte bed laat 'n kamer dadelik slordig lyk. Maak elke oggend jou bed op.
6. Dit is so maklik om goed onder jou bed in te skop. Dis moeilik om onder die bed skoon te maak. Moenie gemors onder jou bed ingooi nie.
7. Pak jou skoolboeke netjies weg. Boeke kan wegraak of skeur as jy nie mooi daarna kyk nie.

HOOFSTUK 17: VRIENDSKAP (WEEK 35-36)



In hierdie hoofstuk gaan jy:

Luister en praat	<ul style="list-style-type: none">* Na 'n liedjie luister.* Oor vriendskappe praat.* Vrae oor die liedjie beantwoord.
Lees en kyk	<ul style="list-style-type: none">* Tekste oor vriendskap lees.* Tekste vir waardering en begrip lees.* Begripsvrae oor die leesstukke beantwoord.
Skryf en aanbied	<ul style="list-style-type: none">* Die formaat van die brief van waardering leer.* Leer om die brief te skryf.* Prosesskryf doen.
Taalstrukture en -konvensies	<ul style="list-style-type: none">* Betekenis van woorde en begrippe in 'n woordeboek opsoek.* Hersiening doen van:<ul style="list-style-type: none">o Spelreëls en -patroneo Klanke en klankverskynselso Afkortings, verkortings en akroniemeo Woordsoorteo Sinstruktureo Beleefdheids- en bedankingsvorme.o Hersieningsoefeninge doen.o Woordeskat in konteks

Luister en praat

Voordat jy luister

Bespreking

1. Wat word gewoonlik op 'n ashoop gegooi?
2. Het jy al ooit iets op 'n ashoop gaan soek?
3. Wat het jy gekry wat interessant was?
4. Op watter plekke soek mens jou vriende?
5. Dink jy dat dit moontlik is om op 'n ashoop vriende te maak?

Woordeskat

Ashoop: plek waar goed wat mense nie meer wil hê nie, op 'n hoop weggegooi word. (*garbage dump*)

Lappop: 'n pop wat van lap gemaak is. (*doll made out of cloth*)

Verbleik: wat kleur verloor het. (*bleached*)

Gedaan: om opgebruik te wees (*lost its usefulness*)

Ellende: om ongelukkig te voel. (*misery*)

Goeters: (*things*)

Grammofoonplaat: 'n outydse plaat met musiek op wat op 'n outydse platespeler gespeel is. (*old music record*)

Verlepte angelier: 'n dooie blom (*dead carnation*)

Droewig: treurig/ hartseer (*heart broken*)

Wang: die sagte ronde deel van jou gesig (*cheek*)

Oord: plek (*place to stay*)

Soort soek soort: 'n groep mense wat dieselfde dink en voel (*birds of a feather flock together*)

Soebat: Mooi vra/ pleit (*plead*)

Onderdane: die mense onder die koning/in (*subjects*)

Luister en lees

Luister na en lees die volgende liedjie en beantwoord die vrae:

Die Lappop



[Uit: nellieseoopunt.blogspot.com]

Iemand het 'n lappop op die ashoop weggegooi.

Sy was gedaan en stukkend,

Verbleik en nie meer mooi nie.

Op die ashoop hoor sy stemme praat

En die verwelkom haar.

Maar o, ellende, toe sy kyk,

Wat sien die lappop daar?

KOOR

Net 'n vrot pampoer en 'n stukkende skoen,
'n grammofoonplaat en 'n kous sonder maat,
Net 'n leë bottel bier 'n verlepte angelier,
'n gelapte binneband en 'n ou koerant.

Ag hoe droewig voel die lappop,
Toe sy alleen daar lê,
Want sy weet dat niemand ooit vir haar
Vir lappop meer wil hê nie.
'n Traan loop oor haar lappopwang.
Want dit begin te reën.
En daar lê sy ou lappoppie
Op die ashoop so alleen.

(KOOR)

Ag nee wat, sê die lappop,
Ek soek 'n ander oord.
Wat sal die wêreld van my dink,
Want soort jy weet soek soort.
Ag almal wil die lappop troos
En soebat sy moet bly.
Hulle sê dis die mooiste ashoop die
Wat 'n mens nog ooit kan kry.

(KOOR)

Al die goeters op die ashoop hou gou vergadering
En besluit om lappop te bekroon
as die ashoop koningin.
Van toe af bly die lappoppie so trots tevrede daar
En al haar onderdane bedien getrou vir haar.

Ja.

(KOOR)

Nadat jy geluister en gelees het

Oefening 1

Vrae:

1. Waar is die lappop?
2. Waarom is sy weggegooi?
3. Wat hoor sy op die ashoop?

4. Kies die regte antwoord:
Hoe voel die goeters op die ashoop oor haar? Hulle voel
A kwaad omdat sy daar is.
B teleurgesteld omdat sy daar is.
C bly omdat sy daar is.
D hartseer omdat sy daar is.
5. Noem vier dinge wat op hierdie ashoop lê.
6. Hoekom voel die lappop droewig?
7. 7.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
Sy het begin huil.
7.2 Motiveer jou antwoord.
8. Waarom wil sy daar weggaan?
9. Wat sê die goeters op die ashoop?
10. Wat besluit hulle op die vergadering?
11. Hoe voel sy aan die einde oor die ashoop?
12. Hoekom het haar idee van die ashoop verander?
13. Wie, dink jy, is aan die einde van die liedjie haar vriende?

Taal in konteks

Klanke en klankverskynsels

Klanksoorte

Vokaalklanke: dit is die klanke *a, e, i, o, u* en *eu*.

Diftonge: dit is die klanke *y, ei, ou, eeu, ai, aai, oi, ooi*.

Konsonante: dit is al die ander klanke wat ons in Afrikaans gebruik, soos: *b, c, d*, ens.

Klankverskynsels

Ontronding: vind plaas wanneer 'n geronde vokaalklank met ongeronde lippe uitgespreek word:

luik word *lyk*

muur word *mier*

Ontronding veroorsaak dikwels dat mense verkeerd verstaan word omdat dit die betekenis van woorde verander.

Oorronding: vind plaas wanneer 'n vokaalklank met oordrewe ronding uitgespreek word.

praat word *prôt*

raad word *rôd*

Ronding: is die uitspraak van vokaalklanke wat gerond moet wees, met geronde lippe.

Dit is die volgende klanke: *o, u, ou, oe, eeu, ui, eu, ooi, oi*

Assimilasie: vind plaas wanneer twee klanke met mekaar gelykgemaak word of wanneer een klank heeltemal verdwyn.

hoenders word *hoenners*

in die word *innie*

Oefening 2

Hersiening:

1. Wat is 'n geronde klank?
2. Wat is 'n ongeronde klank?
3. Dui aan of die volgende klanke gerond of ongerond is:

hoop	
pop	
verbleik	
stukkend	
mooi	
plaat	
leë	
bier	
gou	
haar	

4. Watter soort klankverskynsel kom voor as jy sonder as sonner uitspreek?
5. Skryf die onderstreepte woord reg oor:
 - 5.1 Die bottel is leeg. Dit is 'n ... bottel.
 - 5.2 Wat noem ons die leesteken wat ons in hierdie woord gebruik?
6. Verander die volgende sinne soos aangedui:

Stelsin	Bevelsin	Vraagsin
Sy was gedaan en stukkend.		
		Hoor sy stemme op die ashoop praat?
	Hou vergadering!	
Hulle verwelkom haar.		

Lees en kyk

Voordat jy lees

Bespreking

1. Wat is vriendskap?
2. Het jy vriende?
3. Wat beteken jou vriende vir jou?

Woordeskat Vals: <i>false</i> Ten volle: <i>fully</i> Vertrou: <i>trust</i> Gevoelens: <i>feelings</i>	Behoefte: <i>need</i> Ondersteuning: <i>support</i> Vergewe: <i>to forgive</i> Liefdesverhouding: <i>love relationship</i>
---	---

Baie te doen: <i>has a lot to do</i> Gelukkig: <i>happy</i> Hartseer: <i>sad</i> Vriendskapsverhouding: <i>relationship between friends</i> Noodsaaklik: <i>necessary</i>	Bekommerd: <i>worried</i> Emosionele: <i>emotional</i> Leeftyd: <i>lifetime</i> Selfbeeld: <i>self image</i>
---	---

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae.

VRIENDSKAP IS BELANGRIK VIR ELKEEN



[Office Clip art]

'n Vriend is iemand wat die beste vir jou wil hê. Dis iemand by wie jy jouself kan wees sonder om vals te wees. Goeie vriende kan enigiets vir mekaar vertel omdat hulle mekaar ten volle vertrou.

Vriendskap het baie te doen met 'n mens se gevoelens. 'n Vriend is iemand wat saam met jou bly en hartseer kan wees.

As jy in 'n goeie vriendskapsverhouding is, kan dit jou selfbeeld verbeter, jou stresvlakke verlaag en jy kry nie maklik verkoue of depressie nie.

Die sielkundiges sê vriendskappe is noodsaaklik omdat die mens 'n natuurlike behoefte aan vriendskap het.

'n Mens leer baie uit vriendskappe, dit gee vir jou ondersteuning en keer dat jy eensaam sal voel.

Daar word, om een of ander rede, meer foute in 'n vriendskap vergewe as in 'n liefdesverhouding.

Jy hoef ook nie bekommerd te wees as jy net 'n paar vriende het nie.

Dit is tog belangrik dat mens sal beseft dat daar vriendskappe is wat nie goed vir jou is nie. Sulke vriendskappe kom dikwels van eenkant af. Jy kry ook geen ondersteuning van die vriend/ vriendin nie.

As 'n vriendskap vir jou emosionele pyn en hartseer veroorsaak, moet jy dit beëindig.

Behandel mekaar met respek en julle vriendskap sal 'n leef tyd hou.

[Uit: jip.co.za]

Nadat jy gelees het

Oefening 3

Beantwoord die volgende vrae skriftelik:

1. Vir wie is vriendskap belangrik?
2. Vul die ontbrekende woorde in die volgende sin in. Skryf net die woorde neer.
'n Goeie vriend wil net die ... vir jou hê, by hom kan jy ... wees.
3. Waarom kan goeie vriende vir mekaar enigiets vertel?
4. Watter twee emosies kan 'n vriend met jou deel?
5. Kies die korrekte woord om die volgende sin mee te voltooi:
'n Goeie ... met jou vriende kan jou selfbeeld verbeter.
A. geveg
B. kuier
C. verhouding
D. grappie
6. Wat kan verlaag indien jy goeie vriende het?
7. Waarom sê die sielkundiges dat vriendskappe noodsaaklik is?
8. Wat is die drie voordele van vriendskappe?

Skryf en aanbied

Voordat jy skryf

Bespreking

Wat beteken vriendskap vir jou?

Woorde wat jou kan help met die skryf van hierdie brief:

Ondersteuning: <i>support</i> Hulp: <i>help/ assistance</i> Lojaliteit: <i>loyalty</i> Teenwoordigheid in moeilike tye: <i>to be there in difficult times</i> Vreugde gedeel: <i>shared joy</i> Geselskap: <i>to keep company</i> Skinder: <i>gossip</i> Bespreek: <i>discuss</i> Verstaan mekaar: <i>to understand each other</i> Moed inpraat: <i>to encourage</i>	Saam gelag: <i>laughed together</i> Saam gehuil: <i>cried together</i> Getrouheid: <i>faithfulness</i> Positiewe invloed: <i>positive influence</i> Vergifnis: <i>forgiveness</i> Opoffering: <i>sacrifice</i> Blydskap : <i>joy</i> Lewenslank: <i>life long</i> Begrip: <i>understanding</i>
---	--

Skryf van opdrag

Skryf 'n brief aan jou vriend/ vriendin waarin jy jou waardering (*appreciation*) uitspreek vir sy/ haar vriendskap.

Beplanning:

Onthou die volgende:

- Formaat van die brief - 'n vriendskaplike brief
- Register: vriend/ vriendin. Jy moet suiwer Afrikaans gebruik. Jy mag nie sleng gebruik nie. Sleng is woorde soos: Jy kan *kwai* bestuur my *tjom!* Ek *like* jou *kwai!*)

Nadat jy geskryf het

- Bied skryfwerk aan vir evaluering.
- Doen verbeteringe nadat jou werk nagesien is.

Taal in konteks

Lees die teks oor 'n vriendskap wat 'n lewe gered het en beantwoord dan die vrae.

Woordeskat

pligsgetrou: *dutiful*

skouers ophaal: *to shrug your shoulders*

stamp boeke uit iemand se hande: *to knock books out of somebody's hands*

pootjie: *to trip somebody (to cause the person to fall)*

ontsteld: *upset*

skurke: *hooligans/ rascals*

agterkom: *realise*

prestige prysuitdeling: *prestige prize giving*

toespraak lewer: *deliver a speech*

senuweeagtig: *nervous*

aanmoedig: *encourage*

geleentheid: *opportunity*

bedank: *to thank somebody*

afrigter: *coach*

ontmoet: *to meet*

ongeloof: *disbelief*

klein gebaartjie: *small gesture*

krag van jou optrede: *power of your actions*

snak na jou asem: *to gasp for your breath*

donkerste oomblik: *darkest moment*

ondersteuning: *support*

omgee: *care*

groot invloed: *big influence*

ondenkbare: *unthinkable*

VRIENDSKAP RED 'N LEWE

Eendag, toe ek nog in graad (1) **agt** was, het ek huis toe (2) **gestap**. Dit was 'n (3) **Vrydag** en ons het almal planne gehad vir die naweek. (4) **Ons** sou die Vrydagaand 'n partytjie hou en Saterdag sou ek saam met my vriende gaan sokker speel. Voor my het (5) **die** nuwe kind in die klas, Kyle, gestap.

Hy het 'n (6) **groot** klomp boeke gedra. Ek het so by myself gedink: "(7) **Waarom** neem hy al die boeke huis toe? Gaan hy dan die hele naweek studeer? Hy(8) **is** darem baie pligsgetrou!" Ek het (9) **my** skouers opgehaal en verder gestap.

Net toe kom 'n klomp kinders in die straat afgehardloop, stamp die boeke uit sy hande en pootjie hom. Hy het (10) **op** die grond geval en sy (11) **bril** het 'n entjie verder in die gras beland. Toe hy opkyk, sien ek hy is baie ontsteld en dit lyk asof hy wil huil. Ek het na hom gestap, die bril opgetel en dit vir hom gegee.

"Daardie klomp kinders is sommer (12) **skurke**. Hulle (13) **moet** regtig maniere leer," het ek gesê. Hy kyk na my en sê: "(14) **Sjoe**, baie dankie!" Daar was 'n glimlag van dankbaarheid op sy gesig.

Ek het hom gehelp om sy boeke (15) **op te tel** en hom gevra waar hy bly. Hy het toe sowaar sommer naby aan my gebly. Terwyl ons huis toe geloop het, het ons gesels en ek het agtergekom dat hy en ek goeie vriende sal kan word. Ek het hom gevra of hy die Saterdag saam met my en my vriende wou kom sokker speel. Hy het ja gesê en uiteindelik het ons die hele naweek saam gekuier. Al my vriende het van Kyle gehou en hy was gou met almal vriende.

Die Maandagoggend het ek hom weer sien terugstap met al die boeke wat hy Vrydag huis toe gevat het. Ek het na hom toe gegaan en gesê: "Liewe aarde, maar jy is 'n (16) **ernstige** student!" Hy het net gelag en vir my die helfte van die boeke gegee om te dra.

Kyle en ek het oor die volgende vier jaar baie goeie vriende geword. Kyle het in 'n baie aantreklike jong man ontwikkel en die meisies was almal verlief op hom en hy het dikwels afsprake met meisies gehad. Hy het ook hard studeer en was die top graad 12-student.

Met ons prestige prysuitdeling moes Kyle, as die topstudent, 'n toespraak lewer. Hy was senuweeagtig en ek het hom aangemoedig en gesê dat hy nie bang moet wees nie. Hy was baie dankbaar vir my aanmoediging.

Toe hy begin praat, sê hy: "By so 'n prysuitdeling kry mens die geleentheid om die mense wat jou gehelp het om sukses te behaal, te bedank. 'n Mens bedank dan gewoonlik jou ouers, jou onderwysers, jou broers, jou susters, miskien 'n afrigter, maar meestal jou vriende. Ek wil vandag vir julle sê dat 'n vriend die beste geskenk is wat jy kan kry."

Toe begin hy vertel van die dag toe ek en hy ontmoet het. Ek luister in ongeloof dat hy van plan was om daardie naweek selfmoord te pleeg. Hy het al sy boeke uit sy bank by die skool gehaal om huis toe te neem sodat sy ma nie later nodig sou hê om dit te gaan leeg maak nie. Ek het gehoor hoe snak die gehoor na hulle asem toe Kyle vertel van die donkerste oomblik in sy lewe.

Hy kyk toe stip na my, glimlag en sê: “Gelukkig het my vriend my gered deur die ondenkbare te doen.”

Sy ouers kyk na my en knik hulle koppe met dankbaarheid op hulle gesigte. Tot op daardie oomblik het ek nie beseft dat ’n mens met ’n klein gebaartjie iemand se lewe kan verander nie. Ek het beseft dat jy nooit die krag van jou optrede moet onderskat nie. Ek het geleer dat die ondersteuning van ’n vriend wat omgee ’n groot invloed op jou lewe kan hê.

[Verwerk uit: *Internet*]

Oefening 4

- Dui aan watter woordsoorte is die vetgedrukte woorde.
- Skryf die korrekte antwoord in die kolom langs die woord.

WOORD		WOORDSOORT
1.	agt	
2.	gestap	
3.	Vrydag	
4.	ons	
5.	die	
6.	groot	
7.	waarom	
8.	is	
9.	my	
10.	op	
11.	bril	
12.	skurke	
13.	moet	
14.	sjoe	
15.	op te tel	
16.	ernstige	

Oefening 5

Skryf die volgende sinne korrek oor. Voorsien die sinne ook van die korrekte leestekens waar nodig:

1. Moet jy jou oppas vriende.
2. (Drie die vriendinne) (elke keer) (kuier) (saam?)

3. sjoe sê pa jou vriende gaaf is almal.
4. (Op te tel) (my beste maat) (help my) (om die boeke).

Oefening 6

Vul die korrekte woord in die oop spasies in. Gebruik die opskeif in elke blokkie as aanduiding van wat jy moet doen.

ENKELVOUD	MEERVOUD	VERKLEINING
vriend		
	vriendskappe	
vriendekring		
	spele	
kuier		
	verhoudings	
		koninkie

Oefening 7


Lees die onderstaande sinne en verander die woorde tussen hakies soos aangedui in die kolom langsaan.

Die (1. bedrywig) vriende speel elke dag sokker.



[squidoo.com]

Hulle bou (2. vriend+skap) deur elke dag saam te speel.



[theturtleandprince.com]

Die (3. glimlag) meisies is bly om mekaar te sien. Kan jy sien wie is die (4. bly) om die ander een te sien? Hulle het mekaar gister vir die eerste keer in drie maande

1. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord.

2. Maak een woord.

3. Verander die woord in 'n teenwoordige deelwoord.

4. Gee die oortreffende trap van die byvoeglike naamwoord.

(5. sien).



[[thejournalonline.blogspot](http://thejournalonline.blogspot.com)]

Die twee maats (6. is/ was/ sal wees) vandag kwaad (7. vir/ met) mekaar. (8. Waarvan/ waarom) baklei hulle so? Hulle is dan vriende en moet ophou om (9. baklei). Die onderwyser het gesê die seuns moet (10. aan die buitekant) gaan baklei.

5. Skryf die woord in die verlede tyd.

6. Gee die korrekte koppelwerkwoord.

7. Skryf die korrekte voorsetsel neer.

8. Skryf die korrekte vraagwoord neer.

9. Skryf in die infinitief.

10. Gee die korrekte bywoord.

Oefening 8

8.1 Skryf die volgende sinne oor in die direkte rede:

8.1.1 Kyle sê dat sy beste vriend sy lewe gered het.

8.1.2 Al sy vriende vra hom hoekom hy so sleg gevoel het.

8.1.3 Die onderwyser het die kinders beveel om by hulle maats te gaan sit.

8.2 Skryf die volgende sinne in die indirekte rede oor:

8.2.1 "Julle klomp vriende lyk almal deftig!" sê die seun se ma.

8.2.2 Martha vra: "Het julle twee nou weer vriende gemaak?"

8.2.3 Kyle sê: "Vriendskap beteken baie vir elke mens."

Oefening 9

Skryf die korrekte afkorting in die oop spasie neer.

as gevolg van	
mejuffrou	
voormiddag	
blaai om	
werkwoord	
asseblief	
nommer	
ensovoorts	
Maandag	

Oefening 10

Skryf neer waarvoor die volgende afkortings staan.

bv.	
Di.	
Afr.	
Des.	
kg	
m.b.v.	
p.j.	
bg.	

Oefening 11

Kyk of jy die akroniem in kolom A kan pas by die betekenis in kolom B

A	B
Sanlam	Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie
UNISA	Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
MEDUNSA	Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-maatskappy
HAT	Universiteit van Suid-Afrika
Sasol	Mediese Universiteit van Suid-Afrika

Oefening 12

Onthou jy nog jou spelreëls wat jy vanjaar geleer het?

Verbeter die spelling van die woorde tussen hakies.

Kyle se (1. oudafregter) het baie (2. fotos) geneem van die (3. prys-uitdeling). Die vriende het ook (4. gereel) dat hulle almal saam met die (5. populere) leerling afgeneem word. Hulle het (6. sing sing) nadergestap. Hulle het eers na die (7. fottograaf) geroep. Toe een van die vriende hom sien, het hy (8. ytgeroep): "(9. Daars) hy!" Toe alles verby was, het hulle mekaar (10. beloowe) dat hulle oor (11. twentag) jaar mekaar weer sal ontmoet.

Beleefdheids- en bedankingsvorme

Hierdie frases sal jou baie help met al die konvensies by die onderwerpe wat in hierdie tabelle aangedui word.

GROETE alles van die beste mooi loop sterkte/ voorspoed met die eksamen goeienag goeiemiddag goeienaand	<i>everything of the best</i> <i>go well</i> <i>good luck with the exam</i> <i>good night</i> <i>good afternoon</i> <i>good evening</i>
--	--

<p>hoe gaan dit? goed dankie en met jou? nee dankie ja asseblief goeiemôre goeiedag totsiens</p>	<p><i>how are you? well thank you, and you? no thanks yes please good morning good day goodbye</i></p>
<p>BEKENDSTELLINGS ken julle mekaar? laat ek ... aan u voorstel aangename kennis/ bly om kennis te maak/ bly te kenne</p>	<p><i>have you met? may I introduce you? pleased to meet you</i></p>
<p>VERSKONINGS ekskuus/ herhaal asseblief verskoon my asseblief vergewe my asseblief dit spyt my/ ek is regtig jammer ekskuus tog dis jammer dis nie my skuld nie. sal jy my vergewe?/ sal u my vergewe?</p>	<p><i>could you repeat it please? excuse me please forgive me please I am sorry I beg your pardon, excuse me it's a pity it's not my fault will you forgive me?</i></p>
<p>BEDANKINGS nie te danke nie ek waardeer dit dis 'n plesier/ dit is 'n plesier baie dankie baie dankie vir u moeite</p>	<p><i>don't mention it I appreciate it it's a pleasure thank you thank you for your effort</i></p>
<p>UITNODIGINGS is jy lus vir? sal/ wil u nie inkom nie? sal/ wil u nie sit nie? wil jy nie saamkom nie?</p>	<p><i>do you feel like? won't you come in? won't you sit down? would you like to join me?</i></p>
<p>VRAE/ VERSOEKE kan ek u help kan jy my asseblief vertel? hoe gaan dit? hoe so? hoeveel kos dit? mag ek saamgaan? mag ek hier sit? herhaal dit asseblief wat bedoel jy/ u? wat makeer? hoe laat is dit? die hoeveelste is dit vandag? wat is verkeerd?</p>	<p><i>can I help you? can you please tell me? how are you? how come? how much does it cost? may I go with? may I sit here? please repeat it what do you mean? what is the matter? what is the time? what is the date? what is wrong?</i></p>

EMOSIONELE UITDRUKKINGS	
VREUGDE dis fantasties dis wonderlik	<i>that's fantastic</i> <i>that's wonderful</i>
WAARSKUWING pasop/ oppas/ wees versigtig ry veilig	<i>be careful/ watch out</i> <i>drive carefully</i>
PYN eina dis seer	<i>ouch</i> <i>that hurts</i>
VERBASING genugtig	<i>good heavens</i>
SIMPATIE ek is regtig jammer ek is so spyt om te hoor innige simpatie foei tog/ sies tog dis jammer dis vreeslik	<i>I am really sorry</i> <i>I am so sorry to hear</i> <i>my sincere condolences</i> <i>shame</i> <i>that's a pity</i> <i>that's terrible</i>
GELUKWENSING alles van die beste veels geluk met jou... sterkte met die eksamen veels geluk met jou verjaardag/ gelukkige verjaardag baie geluk voorspoed knap gedaan	<i>all the best</i> <i>congratulations on your...</i> <i>good luck with the exam</i> <i>happy birthday</i> <i>congratulations</i> <i>success</i> <i>well done</i>

Oefening 13

Bestudeer die volgende situasies en dan voltooi jy die opdrag wat gegee word. Onthou om volsinne te maak.

13.1 Jou beste vriend het jou gehelp om jou fiets reg te maak.

Begin só:

Jy: "Piet, baie ...

Piet: ...

13.2 Jou nuwe vriend/ vriendin kom by jou kuier. Jou ma ken hom/ haar nog nie.

Stel hom/ haar aan jou ma voor.

Begin só:

Jy: "Ma, laat ek ...

Ma:...

13.3 Jou maat se oupa is oorlede. Jy gaan besoek hom om met hom te simpatiseer.

Begin só:

Jy: "My ou maat, ek is ...

Jou maat: ...

13.4 Jou ouer broer verjaar en jy wil hom gelukwens.

Begin só:

Jy: "Sipho, veels ...

Sipho: ...

13.5 Jy het met jou vriend, Kyle baklei. Jy voel sleg daaroor en wil om verskoning vra.

Begin só:

Jy: "Kyle, ek is ...

Kyle: ...

13.6 Jy sien 'n groep kinders wat baklei. Jy wil uitvind wat die probleem is.

Begin só:

Jy: "Wat ...

Kinders: ...

HOOFSTUK 18: DROME (WEKE 37-38 – HERSIENING)

In hierdie hoofstuk gaan jy:

Luister en praat	* Informele klas- en groepbesprekings tydens voorbereiding vir die eksamen doen.
Lees en kyk	* 'n Literêre teks hersien: <ul style="list-style-type: none">○ weer die kortverhaal vir inligting en begrip lees○ hersiening van die vrae doen○ wenke vir die beantwoording van die begripstoets bespreek
Skryf en aanbied	* Vir die eksamen voorberei: <ul style="list-style-type: none">○ fokus op beplanning○ tekssoorte se strukture en taalkenmerke hersien
Taalstrukture en -konvensies	* Betekenis van woorde en begrippe in 'n woordeboek opsoek. * Taalaspekte leer, inoefen en hersien: <ul style="list-style-type: none">○ fokus op: woordeboekgebruik vir die betekenis van woorde en begrippe○ spelreëls en -patrone○ afkortings, verkortings en akronieme○ woordsoorte, sinstrukture, betekenisleer○ woordvorming○ idiome/ spreekwoorde * Taalfoute uit jou vorige taaloefeninge en skryfstukke verbeter.

Luister en praat

Jy sal in die hoofstuk gereelde luister- en praataktiwiteite moet doen soos groep- en klasbesprekings, vasvrakompetisies, ensovoorts.

Lees en kyk

Oefening 1

Lees die kortverhaal, *Lehlohonolo*, weer met aandag deur. Hersien die vrae en antwoorde wat julle in hoofstuk 4 gedoen het.

Oefening 2

Verdeel in 4 groepe. Elke groep stel 5 vrae op oor die kortverhaal: *Lehlohonolo*. Hou dan 'n vasvrakompetisie in die klas om te sien watter groep die meeste antwoorde ken.

Die Begripstoets

Hier volg 'n paar wenke vir jou vir die beantwoording van die begripstoets:

- Moenie oorhaastig wees met die beantwoording van die begripstoets nie.
- Stel vas waaroor die stuk gaan, deur vinnig deur die leesstuk te lees. Jy kan dit ook vasstel deur net die eerste paragraaf, die eerste sin van elke paragraaf en die laaste paragraaf te lees.
- Let op sekere dinge soos: die titel, die skrywer, die inhoud, die onderwerp en die hoofgedagte van die stuk.
- Lees dan deur al die vrae, sodat jy 'n goeie idee het van wat gevra word.
- Lees die stuk nou weer met baie aandag deur. Onderstreep belangrike feite en gedagtes.
- Neem nou een vir een vraag en soek die antwoorde in die teks. Konsentreer op die vraag en moenie dat ander gedeeltes van die teks jou aandag van die vraag aftrek nie.
- Moenie antwoorde met voegwoorde (want, omdat, en, maar, dus) begin nie.
- Onthou die aanhalingstekens (“...”) wanneer jy iets uit die stuk moet aanhaal.
- Dis BAIE belangrik dat jy die vraag behoorlik lees en seker maak watter soort antwoorde verwag word, bv.
 - 1) volsin-antwoorde
 - 2) eenwoord-antwoorde
 - 3) antwoorde waar jy net *waar* of *onwaar* teenoor die vraagnommer moet neerskryf en dan jou antwoord moet motiveer.
 - 4) antwoorde waar jy een woord of 'n gedeelte van 'n sin uit die teks moet aanhaal
 - 5) vier moontlike antwoorde waaruit jy net een moet kies en die volle antwoord OF net die regte letter teenoor die vraagnommer moet neerskryf
 - 6) pas die woorde in kolom A by dié in kolom B
 - 7) vul die woord of woorde in wat weggelaat is

Oefening 3

Gaan kyk na die begripstoetse in die vorige hoofstukke en pas die wenke toe.

Skryf en aanbied

Jy het gedurende die jaar opstelle en briewe geskryf en so kennis gemaak met die skryfproses. Die skryfproses bestaan uit: 1) beplanning, 2) skryf van 'n eerste poging, 3) skryf van die finale stuk.

Oefening 4

Hou 'n klasbespreking oor die die teksoort wat julle deur die jaar gebruik/ geskryf het (bv. verskillende opstelle en briewe, advertensies, instruksies, aanwysings, dagboekinskrywings, plakkaat, invul van vorms, poskaarte, uitnodigingskaartjies, ensovoorts). Bespreek die kenmerke en taalgebruik van elkeen. Julle onderwyser sal julle hierin lei.

Taalstrukture en -konvensies

Spelpatrone en spelreëls:

Hier volg 'n paar algemene wenke oor Afrikaanse spelling:

- As dit EEN ding is, skryf ons dit as EEN woord: Laerskool, klaskamer, skooltas. (Let op: huis toe, stad toe, op pad, sopnat, skreeusnaaks)
- Die kappie (ê) beklemtoon die “e”-klank en maak dit lank, soos in skêr, lê, wêreld en sê. (MAAR: ster, pers, kombes, stert)
- Die deelteken (ë) wys ons waar om die woord af te breek wanneer ons praat: ge/ëet, vo/ël, en pasi/ënt.
- Meervoude:
 - kort klanke se laaste letter verdubbel in die meervoud bv. *kop* – *koppe*
 - lang klanke verloor een van die letters in die klank, bv. *boom* – *bome*
 - woorde wat in *og* eindig, se meervoud eindig in *oë*, bv. *oog* – *oë*
 - woorde wat op *-ing* en *-ang* eindig, kry 'n *s*, bv. *konings* en *piesangs* (MAAR *leerlinge*).
 - woorde wat op *ag* eindig, word gewoonlik *ae* in die meervoud, bv. *dag* – *dae*
 - Let op: *ma* – *ma's*, MAAR *ouma* – *oumas*. Ook so met *pa's* en *oupas*. Dan is daar nog *foto's* en *baie* ander.
 - die *f* in die enkelvoud word gewoonlik 'n *w* in die meervoud, bv. *stoof* – *stowe* en *straf* - *strawwe*
 - let ook op die volgende: *gesig* – *gesigte*, *moeilikhed* – *moeilikhede*, *vlieg* – *vlieë*, *bed* – *beddens*, *bees* – *beeste*, *brug* – *brûe*, *vliegtuig* – *vliegtuie*.
- Verkleinwoorde:
 - Die lang en kort klanke word net soos in die meervoud behandel, bv. *rug* – *ruggie*, *rook* – *rokie*.
 - woorde wat eindig op 'n *d* - woord – *woordjie*
 - woorde wat eindig op 'n *t* - *kat* – *katjie*
 - woorde wat eindig op *-ing* - *koning* – *koninkie* (*maar: ring* - *ringetjie*)
 - let ook op die volgende: *tafel* – *tafeltjie*, *kam* – *kammetjie*, *bal* – *balletjie*, *stoel* – *stoeltjie*, *boom* – *boompie*, *gat* – *gaatjie*, *pad* – *paadjie*,
 - *ma* – *ma'tjie*, *ouma* – *oumatjie*
 - *maat* - *maatjie*

Daar is BAIE spelreëls, maar daar is ook net soveel uitsonderings. Die beste manier om jou spelling te verbeter, is om baie Afrikaans te lees.

Oefening 5

Spelling. Maak die volgende spelfoute in die onderstreepte woorde reg:

- a) Marie sit saans suiker in haar bed kassie sodat sy mooi drome kan droom.
- b) In my droom het ek skape hoor bler.
- c) Ek het gedroom dat ek saam met 'n koningtjie en al die ander koninge geeet het.
- d) Sarie vertel dat sy in haar drome gereeld op die tope van die berge loop.
- e) Al my oupa's kom groet my gereeld in my drome.
- f) In my nagmerrie was daar 'n roffe ou wat my seergemaak het.
- g) My vriendins by die skool glo dat kort droomtjies betekenis het.
- h) Siphō sê in sy drome spring kate met sulke boge oor sy bed.
- i) My ma glo dat 'n mens slegte drome droom as jy in die middags slaap.
- j) Saans as ek in my betjie klim, dan hoop ek om van engels te droom.

Oefening 6

Woordeboekgebruik. Die volgende woorde tussen hakies is verkeerd gespél. *Gaan kyk in die woordeboek* wat die korrekte spelvorm vir elkeen is:

- a) Marie droom van (skadus) teen die (muure).
- b) Ek was (verleede) nag (baaie) bang want ek het 'n (naare) droom (gehaat).
- c) My droom was so (snaks) dat ek myself (waker) gelag het.
- d) As 'n mens droom dan voel dit net (sos) die (rerige) lewe.
- e) (Partykeur) slaap ek so vas dat ek nie (somer) net (yt) 'n droom kan wakker (skruk) nie.
- f) Soms droom 'n mens drie of vier (droome) in een nag.

Oefening 7

Afkortings, verkortings en akronieme:

Dit is onmoontlik om al die afkortings in Afrikaans uit jou kop te leer, maar daar is lang lyste afkortings in elke woordeboek. Dus, wanneer jy nie weet wat 'n afkorting beteken nie, *gaan kyk net in die woordeboek!*

Gaan leer weer die Afkortings en Akronieme wat in die volgende hoofstukke gegee/ gevra is: Hoofstukke 5, 7, 10, 16, 17 en 18

Verdeel nou die klas in twee groepe. Elke groep skryf nou die afkortings voluit. Die afkortings wat niemand ken nie, kan julle in groepe in die woordeboek opsoek.

Woordsoorte, betekenisleer, woordvorming, sinstrukture en idiome/ spreekwoorde

Hierdie afdeling van jou voorbereiding vir die eksamen, gaan oor die grootste deel van die taalstrukture wat jy gedurende van die jaar gedoen het.

Oefening 8

Die beste manier om dit te hersien, is om AL die taal- en skryfoefeninge wat jy in jou skrif gedurende die jaar gedoen het, te gaan deurlees. Waar jy dan op foute afkom,

maak dit reg, skryf dit neer en leer dit! As jy nie die regte antwoord ken nie, kan jy gedurende julle hersieningsessies vir jou onderwyser die regte antwoord vra.

Oefening 9

Hier volg 'n aantal idiome/ spreekwoorde oor drome. Soek die betekenis daarvan in die woordeboek op:

- a) Nie in my wildste drome nie.
- b) Hy is in droomland.
- c) Wie het dit kon droom?
- d) Drome is bedrog.

Die eksamen

Wenke:

- 1) Stel vir jou 'n studierooster op en hou daarby.
- 2) Werk deur ou vraestelle.
- 3) Eet gesond en slaap genoeg, veral die aand voor jy 'n vraestel skryf.
- 4) Bly kalm. Moenie dat 'n vraag wat jy nie dadelik verstaan, jou afsit nie. Laat 'n spasie oop en kom later terug daarnatoe.
- 5) Sorg dat jy al die nodige skryfbehoeftes in die eksamenlokaal het – veral TWEE penne!
- 6) Lees die vrae met aandag deur sodat jy goed verstaan wat jy moet doen.
- 7) **NOMMER** jou antwoorde korrek!!
- 8) By keusevrae moet jy mooi dink en die korrekte antwoord kies.
- 9) As jy tyd het, lees al jou antwoorde weer deur en vergelyk dit met die vrae.
- 10) Trek 'n duidelike streep deur jou rofwerk en deur verkeerde antwoorde.
- 11) Laat 'n reël na elke antwoord oop.
- 12) By Vraestel 2, kies onderwerpe wat by jou kennis pas.

STERKTE MET JOU EKSAMEN!